Excelsus Bonsmara Bulletin

Volume 1, Issue 1

1 June 2009

Excelsus Genetics

ExcElsus stEl nuwE logo bEkEnd

Excelsus Bonsmaras stel met trots hulle nuwe korporatiewe embleem bekend. Hierdie besonderse embleem is ontwerp deur ons groot vriend en grafiese ontwerper, Pierre Victor van Victor Logistics. Die embleem weerspieël die tipiese goed bespierde Excelsus tipe bul. Die embleem beeld ook die Excelsus brandmerk uit, wat uitnemendheid verteenwoordig. Die mees belangrike uitbeelding op die embleem is die Excelsus Slagspreuk "Gloria in Excelsus Deo", wat beteken "Alle eer aan God in die hoogste hemele"Excelsus Bonsmaras wil met die bekendstelling van die nuwe Excelsus embleem 'n nuwe dinamiese en opwindende era in ons Bonsmara kudde inlei. Die Excelsus Bestuur het in 2006 besluit om 'n groot poging aan te wend en te herfokus op die Bonsmara stoet kudde.'n Aantal uitstaande Bonsmara kuddes is besoek, embrios is aangekoop, en nuwe stoetbulle is bekom. Die Bestuur van die kudde is na 'n volgende vlak geneem. Die Excelsus kommersiële Bonsmara kudde wat in 2000 gederegistreer is, is in 'n basis program opgeneem. Nadat advies ingewin is van kenners, en alle inligting geanaliseer is, en die Excelsus span 'n eerlike selfondersoek gedoen het en ons beeste en teelsisteme objektief beoordeel is, is die Excelsus teeldoelwitte bepaal. Die Excelsus span kan nou die vrugte begin sien wat al die pogings afwerp. Excelsus bied met trots 12 uitstaande bulle aan op die gekombineerde produksieveiling van Excelsus en Leitorus Bonsmaras, wat plaasvind op die 24ste Julie 2009. Drie bulle wat aangebied word is in die kudde gebruik waar hulle uitsonderlike nageslag geteel het – sien bladsy 2 van die artikel. Uitstaande vroulike diere is aangekoop van Frikkie Kruger, Danolte Bonsmaras en van die Rutland Stoet van Kit Thompsom. Twee jong bulle is aangekoop van Willie Snyman van Jacusta Bonsmaras. Van hierdie bulle is gebruik in die opgraderingsprogram van ons basis koeie. Bulle van "Op die Aarde", en King's Heath is ook gebruik.

Excelsus wil Kit Thompson spesiaal bedank vir sy aanmoediging, raad en die beskikbaarstelling van stoetkoeie

Burkhard Herrmann word deel van die Excelsus Span

Burkhard Herrmann word verwelkom om deel te word van die Excelsus span. Burkhard het goedgunstiglik onderneem om op te tree as mentor en deel van die Excelsus Bonsmara span te word. Excelsus admireer Burkhard se visie en sakevernuf waarmee hy Fortress Bonsmaras opgebou het. Dit sal vir Excelsus 'n voorreg wees om Burkhard se entoesiasme vir die Bonsmara ras te geniet.

Fishing for Genetics??? Try Excelsus Bonsmara's for your next Stud Bull or Heifer

Excelsus Drie Meester Teel Bulle

EXL0439

FCT0282

HDB0457

Voorspelbare gene teel beter Genetika! Die algemene kwaliteit van die Excelsus kudde het 'n kwantum sprong gemaak. Hierdie verbetering is teweeg gebring deur die implementering van sorgvuldige parings, en deeglike kennis van wat nodig is om die teeldoelwitte te bereik. Doelwitte is gestel en bulle is geselekteer om hierdie spesifieke doelwitte te behaal. Rutland Kit FCT0282 het die grootste impak van enige bul in die Excelsus kudde tot op datum gemaak. Hierdie seun van FCT0065 teel dik, kompakte bulle en vroulike dogters. EXL0439 Excelsus Boot is gebruik om die Kit nageslag te komplimenteer en uitstaande groei en hardheid toe te voeg. Boot self is geteel deur Excelsus uit Excelsus Bisto wat op sy beurt geteel is uit Gavin Bristo lyne. Ons volgende stoetbul is 'n Namibiese ingevoerde bul genaamd Buffel, HDB0457. Buffel is geteel deur Hans Deloch uit 'n Terra Rosa geteelde bul. Buffel is onverwant aan die meeste Suid-Afrikaanse lyne.

FCT0282 Kalfies

HDB0457 Kalf


EXL0439 Kalf

Veiling! Veiling! Veiling! Stoet bulle verkoop op ons 2009 Veiling!!!!!!

Excelsus EXL0439 verkoop op Excelsus Veiling 09

BM +2.23 W +10.6 WMat +7.3 12mths +16.6 18mths +22.6 Mat W +20

Hierdie uitstaande beproefde stoetbul was ons Vlagskip Kuddevaar oor die afgelope twee teelseisoene. Excelsus EXL0439 lei die Excelsus 2009 Produksieveiling.

EXL0439 het sy vaar EXL98189 vervang as senior kuddevaar tesame met FCT0282. Beide teel vroulike en manlike nageslag eg volgens tipe.

EXL0439 was die afgelope jaar aangewys as die beste fenotipiese bul van alle rasse (Bonsmaras, Simbras en Simmentalers) op Excelsus Landgoed. EXL0439 was die eerste Bonsmara bul om die eer te beurt te val.

EXL0439 het uitstaande lengte, bespiering, manlikheid, haarkwaliteit en een van die beste agterkwarte in die bedryf. Tel daarby uitstaande hoewe, breedte en kapasiteit. Hierdie is ‘n kans van ‘n leeftyd om hierdie uitstekende stoetbul te bekom. **Moet dit nie Mis nie !!!**

V Brand = Excelsus Kwaliteit

JPL0544 (S)

JPL0544 is ‘n goed gebalanseerde bul met ‘n + 1,15 geboorte ebv en ‘n +5.9 speen ebv. “44” is geteel deur Jacusta Bonsmara’s en hy is by Excelsus gebruik om “A” vroulike diere te teel uit die Excelsus basis kudde. “44” het die addisionele bonus dat hy Poenskop / Scurrs het. “44” was geplaas in ‘n trop van drie en vyftig vroulike diere waar ‘n 100% dragtigheidskonsepsie behaal is – die merk van ‘n top kudde bul.

EXL0674

EXL0574 is ‘n EXL98189 seun en ‘n half broer van EXL0439. Hy is ‘n JCG1121 kleinseun. “74” is ‘n top dier en sy kwaliteit word deur sy uitstaande syfers bevestig. “74” het ‘n geboorte ebv van +2.09 en speen ebv van +11.4. Hierdie syfers maak hom ‘n uitstaande groei bul. “74” se speen ebv’s is ‘n +4 – hierdie syfer prentjie maak van hom ‘n wenner.

JPL05151

JPL05151, Excelsus het twee poenskop bulle van Jacusta Bonsmara’s as jong bulle aangekoop. Hierdie twee bulle JPL0544 EN JPL05151 is vir twee seisoene gebruik. In die eerste seisoen is hulle gebruik om verse oop te maak en in die tweede seisoen in die basis kuddes. “151” se teelwaardes vir geboorte is +1.61 en vir speen +9.6 – weereens uitsonderlike syfers.

Gebruik hierdie geleenteid om top beproefde genetika te bekom!

Excelsus Genetics

Excelsus Landgoed
Posbus 60
Oranjeville
1995

Foon: 082 893 8147
E-mail: excelsusmc@mweb.co.za

EXL0438

EXL0329

Zelmarie Fourie staan by haar speenkalwers wat geteel is uit die twee uitsonderlike Excelsus geteelde Bonsmara bulle, EXL0438 en EXL0329. EXL0329 is geteel uit 'n Sernick bul en een van ons top koeie, VV9636. EXL0438is 'n halfbroer van Excelsus 0439 uit 'n AG04133 dogter. Zelmarie boer met Bonsmaras 80 Km noord van Stella in die Sandveld. Zelmarie gaan aansluit by de Bonsmara Vereeniging na haar sukses met Bonsmaras onder hierdie ekstensiewe toestande.

Gesaamtelike Veiling met Leitorus Bonsmara's 24 July 2009

30 Sterk SP Bulle
200 Kommersiele Bonsmara Tipe Vroulike Diere

Kontak:
Graeme Currin 082 893 8147
Gawie Pretorious 082 252 6866
Hennie Wille 082 772 1013

Sien Julle Daar

Sien Julle Daar